Werkkaart 2015-7AL-00004(4)

(1) Voltooi die volgende:

(a) 'n Ruit is 'n parallelogram waarvan al die sye ewe lank is.


(b) 'n Vierkant is 'n reghoek waarvan al die sye ewe lank is.

(c) 'n Parallelogram is 'n vierhoek waarvan die oorstaande sye ewewydig is.

(d) 'n Vierkant is 'n ruit waarvan al die hoeke 90° is.

(e) 'n Trapesium is 'n vierhoek waarvan een paar oorstaande sye ewewydig is.

(2) Beskou die volgende sirkel en beantwoord dan die onderstaande vrae: O is die middelpunt.




(a) Is AC 'n middellyn, 'n radius of 'n koord?

Middellyn

(b) Is AB 'n middellyn, 'n radius of 'n koord?

Koord


(c) Is POQ 'n segment of 'n sektor? Sektor

(d) Watter tipe driehoek is ABO? Skerphoekige gelykbenige △


AO = OB (radiusse gelyk)

(3) Watter van die volgende pare figure is kongruent of gelykvormig?


(a)



(b)





(c)



Kongruent | Kongruent | Gelykvormig

(4) (a) Watter tipe vierhoek is ABCD?

Trapesium




(b) Watter tipe driehoek is BCE?

Gelykbenige △

(c) Bereken die waarde(s) van *x*, *y* en *k*. Gee volledige redes.

$x = 55°$ [∠e teenoor gelyke sye]

$x + 55° + y = 180°$ [binne ∠e van △]

$\therefore 55° + 55° + y = 180°$

$\therefore y = 180° - 55° - 55°$

$\therefore y = 70°$

$\hat{A} + \hat{B} + \hat{C} + \hat{D} = 360°$ [binne ∠e van vierhoek]

$\therefore 113° + k + y + 55° + 67° = 360°$

$\therefore k = 360° - 113° - 70° - 55° - 67°$

$\therefore k = 55°$

(5) Pas kolom B by kolom A:

| Kolom A | | |
|---|---|---|
| (a) | 'n Reghoek waarvan al die sye ewe lank is. | K |
| (b) | Die helfte van die middellyn. | H |
| (c) | Som van die binnehoeke is 540°. | A |
| (d) | Vorm is dieselfde, maar die grootte verskil. | J |
| (e) | Sye teenoor gelyke hoeke is ewe groot. | G |
| (f) | 'n Vierhoek waarvan slegs een paar teenoorstaande sye ewewydig is. | C |
| (g) | 'n Hoek groter as 90° en kleiner as 180°. | L |
| (h) | 'n Vierhoek waarvan twee paar aangrensende sye ewe lank is. | F |
| (i) | Som van die binnehoeke van 'n driehoek. | I |
| (j) | Al drie die sye is ewe lank. | E |

| | Kolom B |
|---|---|
| A. | Pentagoon. |
| B. | Kongruente figure. |
| C. | Trapesium. |
| D. | Inspringende hoek. |
| E. | Al drie die hoeke is gelyk aan 60°. |
| F. | Vlieër. |
| G. | Gelykbenige driehoek. |
| H. | Radius. |
| I. | 180°. |
| J. | Gelykvormige figure. |
| K. | Vierkant. |
| L. | Stomphoek. |